- (c) onderhewig aan die bepalings van artikel 148 van die Ordonnansie, so iemand se besoldiging verminder, selfs al bring dit verlaging van graad mee;
- (d) Behoudens die bepalings van artikel 148 van Ordonnansie 3 van 1949 so iemand uit die diens van die Raad ontslaan, of hom aansê om van 'n bepaalde datum daaruit te bedank ten einde ontslag te vermy: Met dien verstande dat as hy binne sewe dae nadat hy aangesê is om te bedank, nie bedank nie, hy beskou word as ontslaan met ingang van sodanige bepaalde datum.

(9) Die Raad kan 'n skorsingsbevel in gevolge hierdie reël in enige stadium van die verrigtinge terugtrek, maar so 'n terugtrekking benadeel geensins die deursooi van die aanklag nie;

(10) Iemand wat uit die diens en van besoldiging geskors is, het geen reg op salaris, loon of ander besoldiging gedurende die skorsingstydperk nie: Met dien verstande dat as hy onskuldig bevind word van die aanklag teen hom die Raad sy hele salaris, loon of ander besoldiging moet uitbetaal: Met dien verstande voorts dat as hy skuldig bevind word van wangedrag die Raad na goeddunke kan gelas dat sy salaris, loon of ander besoldiging geheel of ten dele aan hom uitbetaal moet word.

## CHAPTER IV

## LEAVE

## GENERAL PROVISIONS PERTAINING TO LEAVE

*Leave Register.*

37. All leave due, leave granted and leave taken shall be recorded in a leave register to be kept for that purpose. Such register shall be open to inspection by any employee at all reasonable times during office hours. All leave due must be entered in the leave register on completion of each year of service rendered by the employee.

*Leave Groups.*

38. For the purpose of granting of leave, employees of the Council shall be grouped as follows —

- Group A: Heads of Departments;
- Group B: Employees in receipt of a basic salary in excess of £1440 per annum;
- Group C: All employees who are not hourly paid and whose salary grades amount to £400 per year or more, who do not fall within Groups A or B;
- Group D: All hourly paid employees and all employees who are not hourly paid and whose salary grades amount to less than £400 per year.

*Travelling Time.*

39. (1) Persons proceeding on annual leave to a destination beyond the boundaries of South West Africa shall be granted an additional three days in lieu of travelling time. Such additional time may be claimed if the period of absence on leave exceeds two-thirds of the number of days scheduled under rule 50.

*Travelling Expenses while on leave.*

39. (2) Any European employee of the Municipality proceeding on leave to any place outside the district of Omaruru, shall be entitled once in every calendar year to be paid, prior to departure, a sum equal to the amount of a first-class return rail fare for himself, and half first-class rail fare for his wife and children up to the age of sixteen years not in employment, between Omaruru and the Railway Station nearest to the place where such leave is to be spent, irrespective of whether the journey is undertaken by rail or any other means of conveyance!

Provided that, should such leave be spent at any place beyond De Aar, the amount payable under this rule shall not exceed the amount of the relative return rail fares to De Aar.

Provided further that for the purpose of this rule any married woman in the employ of the Municipality, shall be considered as a single person without children.

*When Leave may be taken.*

40. (1) Every employee shall proceed on leave for a period of at least 14 days in every period of twelve months after completion of one year of service, on such dates as may be decided on by his Head of Department;

(2) Leave over and above specified in rule 40 (1) may be taken only if, in the discretion of the Head of Department concerned, the exigencies of the service allow. The Council may, however, in its discretion, require an employee to proceed on leave.

*Granting Leave.*

41. No annual leave shall be granted unless —

- (1) The applicant has submitted his application for leave on a form to be prescribed by the Council;
- (2) The application is approved by the Council, who may delegate its powers of approval to the Heads of Departments.

For the purpose of this rule the Mayor may grant the necessary approval required by sub-rule (2) above when any Head of Department applies for leave.

*Return to Duty after Leave.*

42. Any employee who fails to report for duty after any period of authorised leave has expired, will be deemed to have absented himself from duty without leave and shall be dealt with under the provisions of Section 36 of these rules, unless good cause can be shown for such absence.

## HOOFSTUK IV.

## VERLOF

## ALGEMENE BEPALINGS RAKENDE VERLOF

*Verlofregister.*

37. Alle verskuldigde verlof, toegekende verlof en gebruikte verlof moet opgeteken word in 'n verlofregister wat daarvoor aangehou moet word. Sodanige register moet te alle redelike tye gedurende kantoorure beskikbaar wees ter insae van enige werknemer. Alle verskuldigde verlof moet by die voltooiing van elke jaar van diens wat die werknemer lewer, in die verlofregister opgeteken word.

*Verlofgroepe.*

38. By die toekenning van verlof word werknemers van die Raad soos volg ingedeel:—

- Groep A: Hoofde van departemente;
- Groep B: Werknemers wat 'n basiese salaris bo £1440 per jaar ontvang;
- Groep C: Alle werknemers wat nie by die uur betaal word nie en wie se salarisgrade £400 per jaar of hoër bedra maar wat nie by groepe A of B ressorteer nie;
- Groep D: Alle werknemers wat by die uur betaal word en alle werknemers wat nie by die uur betaal word nie, wie se salarisgrade onder £400 per jaar is.

*Reistyd.*

39. (1) Werknemers wat met jaarlikse verlof vertrek na 'n bestemming buite die grense van Suidwes-Afrika word 'n ekstra drie dae verlof in die plek van reistyd toegestaan. Daar kan op hierdie bykomende tyd aanspraak gemaak word, as die tydperk van afwesigheidsverlof meer as twee-derdes is van die getal dae genoem by reël 50.

*Reistoelae vir Verlof.*

39. (2) Enige blanke werknemer van die Munisipaliteit wat met verlof gaan na enige plek buite die distrik Omaruru is geregtig om eenmaal elke kalenderjaar betaal te word, voor sy verlof, 'n bedrag gelyk aan 'n eerste klas retoerspoorwegkaartjie vir homself en 'n halwe eerste klas retoerspoorwegkaartjie vir sy vrou en kinders, 16 jaar oud en onder wat nie werkzaam is nie tussen Omaruru en die spoorwegstasie naaste aan die plek waar sodanige verlof deurgebring word, afgesien daarvan of die reis per trein of enige middel van vervoer onderneem word: Met dien verstande dat as sodanige verlof anderkant De Aar deurgebring word, die bedrag wat betaalbaar is onder hierdie reël nie die bedrag ten opsigte van 'n retoerreiskaartjie na De Aar moet oorskry nie.

Met dien verstande verder dat, vir die doel van hierdie reël, enige getroude vrou in diens van die Munisipaliteit, beskou moet word as 'n ongetroude persoon sonder kinders.

*Wanneer verlof geneem kan word.*

40. (1) Elke werknemer moet verlof neem vir 'n tydperk van minstens 14 dae in elke tydperk van 12 maande na voltooiing van een jaar diens, op sodanige tye soos deur die hoof van die departement besluit word;

(2) Verlof bo en behalwe in 40 (1) kan geneem word net as die behoeftes van die diens dit, na die mening van die hoof van die betrokke departement, toelaat. Die Raad kan egter na eie goeddunke 'n werknemer aansê om verlof te neem.

*Toekenning van verlof.*

41. Geen jaarlikse verlof word toegestaan nie, tensy—

- (1) die applikant sy aansoek om verlof ingedien het op die vorm wat die Raad voorskryf;
- (2) die Raad die aansoek goedgekeur het. (Die Raad kan sy bevoegdheid van goedkeuring oordra aan die hoof van departement.)

By die toepassing van hierdie reël kan die Burge-meester die nodige goedkeuring verstrek wat sub-reël (2) hierbo vereis, wanneer 'n hoof van 'n departement om verlof aansoek doen.

*Hervatting van diens na verlof.*

42. 'n Werknemer wat na afloop van 'n tydperk van gemagtigde verlof versuim om hom vir diens aan te meld, word geag sonder verlof uit sy diens afwesig te wees, en teen hom word opgetree ingevolge die bepalings van reël 36, tensy goeie rede aangegee kan word vir sodanige afwesigheid.



43. (1) Annual leave may be accumulated by any employee and taken in conjunction with the whole or any portion of bonus leave or accumulated leave which may stand to his credit in the leave register; provided that the maximum number of days of annual leave which may be accumulated shall be 180 days.

(2) The total period of absence on leave, whether annual or bonus leave, shall not exceed 180 days in any period of 18 months, calculated backwards from the last day of leave applied for: Provided that the Council may, by resolution, allow an employee to accumulate more annual leave than 180 days, and take more leave than 180 days within any period of 18 months if his leave is required for a special purpose, approved by the Council. Such additional accumulated leave shall only accrue after an application for the accumulation has been granted by the Council and no forfeited leave shall be considered for this purpose.

*Payment during the Leave Period.*

44. An employee to whom leave has been granted shall, on the last working day before he proceeds on leave, be entitled to receive the salary which would accrue to him during the period of his leave.

*Payment in respect of accumulated leave.*

45. On final termination of employment, except in the case of dismissal, a proportionate accumulation of annual leave, in respect of the last incomplete year of service, shall be added to the annual leave already shown in the leave register as having been accumulated by any employee in terms of rules 43 and 52 and he shall be paid for such accumulated leave up to the maximum of 180 days. In no other case may payment be made in lieu of leave accumulated, except as is provided for in the proviso to rule 52.

*Leave on Retirement, Retrenchment or Death.*

46. (1) An employee who is about to retire from the service on the grounds of attaining the age of superannuation, re-organisation or reduction in staff, physical disability or permanent ill-health may be granted any class of leave to expire on the date fixed for retirement for a period not exceeding the period standing to his credit in the leave register; or the Council may, in lieu of granting leave, pay such employee salary or wages in respect of such leave, but in no case in excess of 180 days.

(2) In the case of an employee's death whilst in the Council's service his dependants shall be paid the amount of salary or wages in lieu of all leave standing to his credit at the date of his death.

(3) No employee shall be allowed to resign whilst on leave and should he wish to resign from the service whilst on leave, he will be required to return to his duties to serve the period of notice in terms of the conditions of his appointment.

*Calculation of Period of Leave.*

47. All periods of leave of absence are to be calculated to include the first ordinary working day on which the employee is absent, to exclude the working day on which he resumes duty and to exclude all public holidays which fall within the period of leave.

*Recalling from Leave.*

48. Leave granted to an employee may be deferred at any time if the exigencies of the service so demand; provided that any employee who is recalled from leave shall have the unexpired portion of his leave credited to him in the leave register and all reasonable extra expenditure incurred as a result of his being recalled shall be borne by the Council. In any other circumstances an employee proceeding on leave may not return to duty until the full period of such leave has expired unless the permission of the Council has been obtained.

*Leave erroneously granted.*

In the event of leave erroneously but in good faith granted to and taken by any employee in excess of the leave provided for under these rules, such over-granted leave may, with the approval of the Council, be deducted from any leave which subsequently accrues to such an employee.

43. (1) 'n Werknemer kan sy jaarlikse verlof laat ooploop en dit saam met sy bonus verlof of ander opgelepe verlof wat hom in die verlofregister goedgeskryf staan of saam met enige deel daarvan neem met dien verstande dat dié maksimale getal dae jaarlikse verlof wat kan ooploop, 180 dae is.

(2) Die hele tydperk van afwesigheid met verlof, hetsy jaarlikse of bonusverlof, mag hoogstens 180 dae beloop in enige tydperk van agtien maande — gereken vanaf die laaste dag van die verlof waarom aansoek gedoen is: Met dien verstande dat die Raad by besluit 'n werknemer kan toelaat om meer as 180 dae jaarlikse verlof te laat ooploop, en om meer as 180 dae binne 'n tydperk van 18 maande te neem as sy verlof nodig blyk weens 'n besondere doel wat die Raad goedkeur. Sodanige bykomende verlof kom hom toe eers nadat aansoek om oploping deur die Raad toegestaan is, en geen verbeurde verlof kom hiervoor in aanmerking nie.

*Besoldiging gedurende verloftydperk.*

44. 'n Werknemer aan wie verlof toegestaan is, het die reg om op die laaste werkdag voordat hy met verlof gaan, die salaris te ontvang wat hom gedurende sy verloftydperk toekom.

*Besoldiging in die geval van opgeloopte verlof.*

45. Buiten by ontslag word daar by finale diensbeëindiging en ten opsigte van die laaste onvoltooide jaar van diens eweredige opgeloopte jaarlikse verlof bygevoeg tot die jaarlikse verlof wat reeds in die verlofregister aange-teken staan as opgeloopte verlof ingevolge reëls 43 en 52 en vir sodanige opgeloopte verlof word hy uitbetaal tot op 'n maksimum van 180 dae. Buiten soos bepaal in die voorbehoud van reël 52, mag daar in geen ander geval uitbetaling vir opgeloopte verlof geskied nie.

*Verlof by aftrede, personeelbesnoeiing of oorlyde.*

46. (1) Aan 'n werknemer wat op die punt staan om weens die bereiking van die pensioenouderdom, reorganisasie of personeelbesnoeiing, liggaamsongeskiktheid of blywende swak gesondheid uit die diens af te tree, kan enige soort verlof toegestaan word vir 'n tydperk hoogstens so lank soos die verlof wat hom in die verlofregister goedgeskryf staan, wat ten einde loop op die aftredingsdatum; of die Raad kan aan so 'n werknemer salaris of loon ten opsigte van sodanige verlof uitbetaal, maar geen-sins vir meer as 180 dae nie.

(2) Wanneer 'n werknemer sterf terwyl hy in diens van die Raad is, word die bedrag van sy salaris of loon in plaas van verlof wat op die datum van sy oorlyde hom goedgeskryf staan, aan sy afhanklikes uitbetaal.

(3) Geen werknemer mag bedank terwyl hy met verlof is nie, en as hy besluit om te bedank terwyl hy met verlof is, moet hy na sy werk terugkeer en ooreenkomstig sy diensvoorwaardes sy kennisgewingstydperk uitdien.

*Berekening van verloftydperk.*

47. Alle tydperke van afwesigheid met verlof moet so bereken word dat hulle die eerste gewone werksdag waarop die werknemer afwesig is, insluit, en die werksdag waarop hy diens hervat, uitsluit, en alle openbare vakansiedae uitsluit wat binne die verloftydperk voorkom.

*Intrekking van Verlof.*

48. Verlof wat 'n werknemer toegestaan is, kan te eniger tyd ingetrek word as die behoeftes van die diens dit vereis: Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer wat van sy verlof teruggeroep word, die onverstreke deel van sy verlof hom in die verlofregister goedgeskryf moet word, en die Raad na sy mening alle redelike ekstra uitgawes moet dra wat aangegaan word omdat hy teruggeroep word. Onder alle ander omstandighede mag 'n werknemer wat met verlof afwesig is, nie voor die verstryking van sy hele verloftydperk sy diens hervat nie, tensy die Raad se toestemming verkry is.

*Verlof wat per abuis toegestaan is.*

49. Wanneer daar per abuis maar te goeder trou aan 'n werknemer meer verlof toegestaan en deur hom gebruik word, as wat hom ingevolge hierdie reëls toekom, kan sodanige oormaat aan verlof met die Raad se goedkeuring afgetrek word van die verlof wat sodanige werknemer daarna toekom.

## ANNUAL LEAVE

*Accrual of annual leave.*

50. (1) Annual leave on full pay shall accrue on completion of the first year of service for the whole of the first year and thereafter proportionately to the period of a year of service completed. An employee shall not be entitled to take his first period of annual leave until he has completed 12 months of service.

(2) Annual leave shall accrue according to the following scale:

- Group A: 38 days per annum;
- Group B: 34 days per annum;
- Group C: 30 days per annum;
- Group D: 21 days per annum.

## BONUS LEAVE

*Accrual of Bonus Leave.*

51. (1) Permanent employees or temporary employees who cannot be placed on the permanent staff due to circumstances beyond their control, except apprentices, who have completed five years continuous service with the Council shall be granted bonus leave with full pay on the following scale:

- (a) Employees with a salary of £800 per annum or more — 90 days inclusive of Sundays and Public holidays;
- (b) Employees with a salary of less than £800 per annum — 45 days inclusive of Sundays and Public holidays; provided that the provisions of this sub-rule shall not apply to employees who, on the date of coming into force of these rules, have completed 5 years service with the Council. Such employees shall retain the bonus leave benefits to which they were entitled in terms of the Staff Rules hereby repealed.

(2) The period of five years shall be calculated from the time of appointment to the permanent staff and shall include the probationary period of an employee engaged on a permanent basis to a post on the permanent staff or from the date of qualifying for the last period of bonus leave.

(3) In calculating the period of five years, the number of days of leave without pay, taken by an employee during the period, must be excluded.

*Accumulation of Bonus Leave.*

52. Save when otherwise specially provided, bonus leave shall not be accumulated and shall be taken within 5 years after it becomes due and may be taken together with such annual leave as may then be due or accumulated, subject to the conditions of rule 43: Provided that if, in the opinion of the Council, the exigencies of the service necessitate it, bonus leave which had accrued in terms of rule 51, may be accumulated and an extension if time may be granted in which such bonus leave may be taken, but such extension if time shall not exceed two years: Provided further that should any employee so desire, the Council may, in lieu of granting bonus leave, pay such employee salary or wages in respect of such leave.

*Calculation of Bonus Leave on Termination of Service.*

53. On final termination of service, except in the case of dismissal, the employee shall be credited with bonus leave as follows:

- (1) If the service terminates within the first period of five years, no bonus leave accrues;
- (2) if the service terminates after the completion of five year's service, bonus leave already credited shall be increased proportionately to the service rendered in respect of the next bonus leave cycle.

## SICK LEAVE.

*Accrual of Sick Leave.*

54. All employees, except persons engaged in a casual capacity, shall be granted 90 days on full pay and 90 days on half pay in a cycle of three years taken from the coming into force of these rules: Provided that sick leave shall be limited to 30 days within the first year of service unless special leave is extended by resolution of

## JAARLIKSE VERLOF.

*Aanwas van jaarlikse verlof.*

50. (1) Jaarlikse verlof teen volle betaling kom 'n werknemer toe na voltooiing van sy eerste jaar diens en ten opsigte van daardie hele jaar, en daarna eweredig met die deel van 'n jaar van diens wat voltooi word. 'n Werknemer het geen reg op sy eerste tydperk aan jaarlikse verlof voordat hy twaalf maande diens voltooi het nie.

(2) Jaarlikse verlof wás op die onderstaande skaal aan:

- Groep A: 38 dae per jaar;
- Groep B: 34 dae per jaar;
- Groep C: 30 dae per jaar;
- Groep D: 21 dae per jaar.

## BONUSVERLOF

*Aanwas van bonusverlof.*

51 (1) Vaste werknemers, of tydelike werknemers wat weens omstandighede buite hul beheer nie in die vaste personeel kan dien nie (uitgesonderd vakleerlinge) wat vyf jaar onafgebroke diens by die Raad voltooi het, word bonusverlof teen volbetaling op die onderstaande skaal toegestaan:

- (a) Werknemers met 'n salaris van £800 per jaar of meer — 90 dae insluitende Sondae en openbare vakansiedae.
- (b) Werknemers met 'n salaris van minder as £800 per jaar — 45 dae insluitende Sondae en openbare vakansiedae: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie sub-reël nie geld vir werknemers wat op die datum waarop hierdie reëls in werking tree, 5 jaar diens by die Raad voltooi het nie. Sodanige werknemers behou die bonusverlofvoordele waarop hulle geregtig is uit kragte van die Personeelreëls wat hierby ingetrek word.

(2) Die tydperk van vyf jaar word bereken vanaf die datum van aanstelling in die vaste personeel en sluit in die proeftydperk van 'n werknemer wat op 'n vaste grondslag aangestel is in 'n betrekking in die vaste personeel, of die datum waarop 'n werknemer vir sy voorafgaande tydperk van bonusverlof gekwalifiseer het.

(3) By die berekening van die tydperk van vyf jaar moet die getal dae verlof sonder betaling wat 'n werknemer in daardie tydperk geneem het, uitgesluit word.

*Oploping van bonusverlof.*

52. Buiten waar daar uitdruklik anders bepaal word, mag 'n werknemer sy bonusverlof nie laat oloop nie, maar moet hy dit neem binne vyf jaar nadat dit aangewas het, en kan hy dit neem saam met jaarlikse verlof wat dan geneem kan word of opgeloopt het, onderhewig aan die bepalings van reël 43: Met dien verstande dat waar die diensvereistes, na die Raad meen, dit noodsaak, bonusverlof wat ingevolge reël 51 aangewas het kan oloop en die tydperk waarbinne die bonusverlof gebruik kan word, verlang kan word, maar hoogstens tot op twee jaar: Met dien verstande voorts dat waar 'n werknemer dit verkies, die Raad in plaas van bonusverlof aan 'n werknemer toe te staan, hom salaris of loon ten opsigte van sodanige verlof kan uitbetaal.

*Berekening van Bonusverlof by Beëindiging van Diens.*

53. Buiten by ontslag word 'n werknemer by finale diensbeëindiging soos volg met bonusverlof goedgeskryf:-

- (1) As die diens binne die eerste vyf jaar eindig, wás daar geen bonusverlof aan nie;
- (2) as die diens eindig na die voltooiing van vyf jaar, word bonusverlof wat 'n werknemer reeds toegeskryf is, vermeerder na verhouding van sy diens ten opsigte van die volgende bonusverlof-kringloop.

## SIEKTEVERLOF

*Aanwas van Siekteverlof.*

54. Alle werknemers buite dié wat in 'n toevallige hoedanigheid aangestel is, word siekteverlof teen 90 dae met volbetaling en 90 dae met halfbetaling toegestaan in 'n kringloop van drie jaar met ingang van die datum van inwerkingtreëding van hierdie reëls: Met dien verstande dat siekteverlof beperk word tot 30 dae binne die eerste



the Council. All sick leave not taken at the end of such cycle, and all accumulated sick leave at the date of coming into operation of these rules, shall be forfeited.

#### *Extension of Sick Leave.*

55. An employee who has been granted the maximum period of sick leave obtainable under these rules, and who at its expiration, is still unable, due to ill-health, to perform his duties efficiently, may, at the discretion of the Council, be granted an extension of sick leave on half pay for a further period not exceeding three months.

#### *Medical Examination of Applicants for Sick Leave.*

56. It shall be obligatory upon any employee who is absent on sick leave for a period in excess of two days, to submit, together with his application for such sick leave, a certificate, made out in the form prescribed by the Council and signed by a registered medical practitioner. The Council may require an applicant for, or an employee on sick leave to submit himself at any time for examination by a registered medical practitioner approved by the Council, and, if justified by the result of such examination, the Council may require such applicant or employee to take in lieu of sick leave any period of annual leave to his credit in the leave register.

#### *Ill-defined Diseases.*

57. No sick leave shall be granted in respect of neurasthenia, insomnia, debility or other ill-defined disease or conditions of ill-health unless it is established to the satisfaction of the Council that —

(1) the applicant is not in a fit state of health to perform his duties; and

(2) the conditions could not have been avoided by the taking of reasonable care or precautions on the part of the applicant or by the utilisation of the facilities available to him in regard to annual leave.

#### *Illness whilst on Leave.*

58. Illness during absence on leave shall not rank for sick leave, save to the extent that the authorised absence on leave is extended by such illness.

#### *Injury on Leave.*

59. Where an employee meets with an accident or contracts a disease in the course of carrying out his duties, his absence from duty is not to be regarded as sick leave for the purposes of these rules, if the case is covered by Workmen's Compensation Legislation or insurance, but as special leave.

### OTHER CLASSES OF LEAVE.

#### *Study Leave.*

60. Study leave of up to 14 days per calendar year inclusive of Saturdays, Sundays and Public Holidays may be granted by the Council on the recommendation of the Head of a Department to an employee who intends to sit for an examination which, in the opinion of the Head of such Department, will be of direct benefit to the Department concerned: Provided that study leave can be taken only within two months of writing the examination.

#### *Special Leave.*

61. The Council may, in special circumstances, grant to any employee additional or special leave for such period or periods for such purposes and upon such conditions regarding salary, wages and allowances as it may deem fit: Provided that special leave shall not be granted to an employee for the purpose of sick leave except as is provided for in rule 59.

#### *Leave without Pay.*

62. Leave without pay may be granted to an employee for such period as may be recommended by his Head of Department.

#### *Compassionate Leave.*

63. If absence from duty is necessitated by serious illness or death and the employee has no leave due to him which he may take, the Council shall consider the circumstances and may grant him compassionate leave, proportionate to annual leave accrued for the period of his services, and such compassionate leave taken, shall be debited against his next leave when it becomes due. Should

jaar van diens, tensy spesiale verlof by Raadsbesluit toegestaan word. Alle siekteverlof wat aan die einde van so 'n kringloop nie geneem is nie en alle opgeloopte siekteverlof op die datum waarop hierdie reëls in werking tree, word verbeur.

#### *Verlenging van Siekteverlof.*

55. Aan 'n werknemer aan wie die maksimale tydperk siekteverlof verkrygbaar ingevolge hierdie reëls toegestaan is, en wat na afloop daarvan nog weens swak gesondheid nie in staat is om sy pligte behoorlik uit te voer nie, kan daar na goeddunke van die Raad 'n verlenging van siekteverlof met halfbetaling vir 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande toegestaan word.

#### *Mediese Ondersoek van Applikante om Siekteverlof.*

56. 'n Werknemer wat meer as twee dae lank afwesig is met siekteverlof moet saam met sy aansoek om siekteverlof 'n sertifikaat voorlê wat voltooi is in die vorm wat die Raad goedgekeur het en deur 'n geregistreerde geneesheer onderteken is. Die Raad kan te eniger tyd gelas dat 'n applikant om siekteverlof of 'n werknemer aan wie siekteverlof toegestaan is, hom onderwerp aan ondersoek deur 'n geregistreerde geneesheer wat die Raad goedgekeur het, en as die uitslag van die ondersoek dit regverdig, kan die Raad eis dat sodanige applikant of werknemer jaarlikse verlof wat hom in die verlofregister goedgeskryf staan, in die plek van siekteverlof neem.

#### *Swakomskrewe Siektes.*

57. Siekteverlof word nie toegestaan ten opsigte van senuweeswakheid, slaaploosheid, liggaamswakheid of ander swakomskrewe siekte of toestand van swak-gesondheid nie, tensy daar ten genoë van die Raad vasgestel word dat—

(1) die applikant nie in 'n geskikte gesondheidstoestand verkeer om sy werk te behartig nie; en

(2) die applikant die toestand nie kon vermy het óf deur redelike sorg of voorsorg te tref óf deur die jaarlikse verlof waaroor hy beskik, te gebruik nie.

#### *Ongesteldheid tydens Verlof.*

58. Waar siekte tydens verlof intree, tel dit nie as siekteverlof nie, buiten in dié mate dat die goedgekeurde verlof weens sodanige siekte verleng word.

#### *Besering tydens Verlof.*

59. Waar 'n werknemer 'n ongeluk oorkom of 'n siekte opdoen in die loop van sy pligte, word sy afwesigheid van diens by die toepassing van hierdie reëls nie beskou as siekteverlof nie, as die saak gedek word deur ongevallen wetgewing of deur versekering, maar word dit as spesiale verlof beskou.

### ANDER SOORTE VERLOF.

#### *Studieverlof.*

60. Die Raad kan studieverlof tot op 14 dae per kalenderjaar (insluitende Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae) op aanbeveling van die hoof van 'n departement toestaan aan 'n werknemer wat 'n eksamen wil aflê wat, na sodanige hoof meen, die betrokke departement regstreks sal bevoordeel: Met dien verstande dat studieverlof net binne twee maande voordat die eksamen afgelê word, geneem word.

#### *Spesiale Verlof.*

61. Die Raad kan in buitengewone omstandighede bykomende of spesiale verlof aan 'n werknemer toeken vir 'n tydperk of tydperke vir doeleindes en op voorwaardes betreffende salaris, loon of toelaes wat die Raad goed vind: Met dien verstande dat spesiale verlof nie weens siekte aan 'n werknemer toegeken mag word nie, buiten soos bepaal by reël 59.

#### *Verlof sonder Betaling.*

62. Verlof sonder betaling kan aan 'n werknemer toegestaan word vir 'n tydperk wat die hoof van sy departement aanbeveel.

#### *Verlof om Menslikheidsredes.*

63. As afwesigheid van diens genoodsaak word weens ernstige siekte of dood, en die werknemer geen verlof het wat hom toekom en wat hy kan neem nie, oorweeg die Raad die omstandighede, en kan die Raad hom verlof wat ten opsigte van sy dienstyd aangewas het, en sodanige verlof om menslikheidsredes word afgetrek van sy volgende gewone verlof wanneer dit hom toekom.

such an employee resign or leave the service before the annual leave becomes due, he shall refund to the Council the wages, allowances, etc. which he received in respect of the leave of absence on full pay, previously granted to him in terms of this rule.

#### CHAPTER V GENERAL PROVISIONS.

##### *Representations, Complaints and Grievances.*

64. (1) No employee other than a Head of Department shall discuss with any Councillor any matter in the affairs of the Council and no such employee shall permit any Councillor to discuss any such matter with him;

(2) No approach by an employee on any matter affecting him in his capacity as an employee shall be made except to or through his Head of Department;

(3) An employee having any grievance or complaint arising out of his employment may submit the matter, in writing, to the Head of the Department, not later than 7 days from the date from which the matter came to such employee's notice and the Head of the Department may take such action as he deems fit and shall thereafter immediately notify the employee in writing: Provided that any such employee who is dissatisfied with the decision of the Head of the Department may request that the matter be brought before the Staff Committee and, in the event of the Head of the Department declining to have this done, such employee may address the Town Clerk, who shall thereupon submit the matter for consideration to the Staff Committee.

##### *Conduct of Employee.*

65. The conduct of an employee must be civil and obliging, and he must couch his official communications in courteous language. He must afford proper facilities for business to be conducted, be careful to give correct information and, when asked, give the name or official designation.

##### *Removal or use of Council's Property.*

66. Except in the discharge of his official duties an employee shall not, without first obtaining the written permission of the head or sub-head of his department, use or permit to be used any property or goods of the Council or remove or cause them to be removed from Council premises.

##### *Subletting of accommodation.*

67. An employee may not exchange for other quarters or sublet in whole or part without authority, any living quarters allotted to him.

##### *Transmission of Instructions to Employees.*

68. When necessary a bulletin setting forth any instructions or resolutions of the Council affecting employees shall be issued by the Town Clerk to every Head of Department and to the Association and every Head of Department shall cause the same to be brought to the attention of all employees in their respective departments. Insofar as the contents of any such bulletin are, or appear to be, an alteration to these conditions of employment or to any other term or condition of employment any employee concerned shall have the right of appeal to the Council and the right to appoint a representative to assist him in his appeal.

##### *Attendance at Court of Law.*

69. (1) Any employee who receives a subpoena or other order requiring him to attend at any court of law shall immediately intimate the fact to the Head of his Department in order that arrangements may, if necessary, be made for the performance of his work whilst in attendance at the court;

(2) Any employee who is required to attend at a court in order to give evidence or to produce papers on behalf of the Council or in connection with the work upon which he is employed shall attend the court in the performance of and as a part of his duty and shall be paid his ordinary pay;

As 'n werknemer bedank of die diens verlaat voordat sy jaarlikse verlof hom toekom, moet hy aan die Raad al die loon, toelaes, ens. terugbetaal, wat hy ten opsigte van die afwesighedsverlof met volbetaling ontvang het en wat hom ingevolge hierdie reël vooruit toegestaan is.

#### HOOFSTUK V ALGEMENE BEPALINGS

##### *Verloë, Klagtes en Griewe.*

64. (1) Geen werknemer buiten die hoof van 'n departement mag enige aangeleentheid in verband met die sake van die Raad met 'n raadslid bespreek nie, en geen werknemer mag 'n raadslid toelaat om enige so 'n aangeleentheid met hom te bespreek nie.

(2) 'n Werknemer mag geen nadering soek oor 'n saak wat hom in sy hoedanigheid as werknemer raak nie, buiten by, of deur bemiddeling van die hoof van sy departement.

(3) 'n Werknemer wat 'n grief of klagte het wat uit sy diens ontstaan, kan die saak uiterlik sewe dae na die datum waarop hy daarvan kennis geneem het, skriftelik aan die hoof van sy departement voorlê, en die hoof van die departement moet optree soos hy goed vind en onmiddelik daarna die werknemer skriftelik daarvan verwittig: Met dien verstande dat enige so 'n werknemer wat ontevrede is met die besluit van die hoof van die departement, kan versoek dat die saak voor die Personeelkomitee moet kom, en as die hoof van die departement weier om dit te laat doen, sodanige werknemer hom tot die Stadsklerk kan rig, wat daarop die saak ter oorweging aan die Personeelkomitee moet voorlê.

##### *Gedrag.*

65. Die gedrag van 'n werknemer moet beleefd en diensvaardig wees, en hy moet amptelike mededelings in hoflike taal opstel. Hy moet behoorlike geleentheid skep vir sake wat gedoen moet word, sorgvuldige juiste inligting verstrek, en, wanneer hy daartoe gevra word, sy naam en ampstitel noem, of gebruik.

##### *Verwydering van Raadseiendom.*

66. Buiten ter uitvoering van sy ampspligte mag 'n werknemer nie sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die hoof of onderhoof van sy departement eiendom of goedere van die Raad gebruik of toelaat dat dit gebruik word, of sodanige eiendom of goedere van die Raad se persele verwyder of laat verwyder nie.

##### *Onderverhuur van Woonruimte.*

67. 'n Werknemer mag nie die woonpersele wat hom toegeken is sonder die magtiging in die geheel of ten dele omruil vir ander persele, of dit onderverhuur nie.

##### *Oorhandiging van Opdragte aan Werknemers.*

68. Wanneer nodig, reik die Stadsklerk aan elke hoof van 'n departement en aan die Vereniging 'n bulletin uit waarin opdragte of raadsbesluite wat werknemers aangaan, uiteengesit word, en elke hoof van 'n departement moet sorg dat dit onder die aandag van elke werknemer in sy betrokke departement kom. In dié mate dat die inhoud van enige sodanige bulletin 'n wysiging van hierdie reëls of van enige ander diensbepaling of voorwaarde is of skyn te wees, het enige betrokke werknemer die reg om hoër beroep op die Raad en die reg om 'n verteenwoordiger aan te stel om hom met sy beroep by te staan.

##### *Bywoning van Geregshof.*

69. (1) Elke werknemer wat 'n dagvaarding as getuie of enige ander bevel ontvang om 'n geregshof by te woon, moet die hoof van sy departement onmiddelik daarvan in kennis stel, sodat daar, waar nodig, reëlins getref kan word vir die waarneming van sy pligte terwyl hy die hof bywoon;

(2) Elke werknemer wat 'n hofsitting moet bywoon om namens die Raad getuie te lewer of stukke voor te lê, of andersins in verband met sy ampspligte, woon die hof in die loop van sy diens en as deel van sy pligte by, en hy ontvang daarvoor sy gewone besoldiging.



(3) Any employee who attends a court as a witness in his private capacity, but not in connection with his personal or family affairs, shall be paid his ordinary pay;

(4) Any employee who attends a court must claim the expenses awarded to him by the Court or by the party on whose behalf he is appearing as a witness and shall pay in to the Council the witness fees received by him;

(5) Every employee attending the Court in his private capacity or for family reasons either as a witness or otherwise shall use his ordinary leave accredited to him, or if he has no leave to his credit, make use of unpaid leave for this purpose;

*Advertising of Vacancies.*

70. Every vacancy on the permanent staff, including instances where the Head of Department proposes to promote an employee from one grade to another or to transfer a temporary employee to a post on the permanent staff, shall be circularised amongst the Council's staff inviting applications for such vacancy, and, in addition, at the discretion of the Council, applications for such vacancy shall be invited in the public press. Except where the Council shall specially resolve to the contrary, all vacancies on the permanent staff in a grade having a minimum of £800 or over shall be advertised in the public press.

*Employment beyond age of Retirement.*

71. Subject to the Pension Fund regulations, an employee reaching the age of superannuation, shall be retired from the Council's service and shall be paid all amounts due to him under the Pension Fund Regulations and under these rules: Provided that, with his/her consent, his/her services may be retained by the Council as a temporary measure, subject to the provisions of rule 6: Provided further that every such extension of such services shall be at a fixed salary which shall not be in excess of the commencing notch of the scale applicable to the post in which his/her services are so retained.

*Recognition of Qualifications.*

72. Where an employee passes an examination and thus obtains a qualification, recognised by the Council to be in excess of the requirements of his post and of appreciable benefit to his Department, the Council shall grant such employee a special increment equal to one notch of the scale applicable to his post with effect from the date on which he produces proof of his having attained such qualifications: Provided that, if such employee is already on the maximum notch of his scale, such maximum shall, in his particular instance, be raised by an amount equal to one notch on the scale.

*Employees to be provided with these Regulations.*

73. Upon appointment to the service of the Council each employee shall be provided with a copy of these conditions of employment together with such instructions as the Head of the Department may consider to be necessary for his guidance. The employee shall acknowledge receipt of these conditions of employment and shall make himself thoroughly conversant therewith. Upon final termination of service, the employee shall return such conditions of employment and instructions to the Head of his Department.

APPENDIX I

I certify that ..... has served the required probationary period of ..... months, and that during that time his/her conduct and efficiency have been satisfactory. He/she is in all respects suitable to be appointed to the permanent staff.

Date: .....

Head of Department

(3) Elke werknemer wat die hof in 'n private hoedanigheid as getuie bywoon, maar nie in verband met persoonlike of familiesake nie, ontvang daarvoor sy gewone salaris of loon;

(4) Elke werknemer wat die hof bywoon, moet die koste wat die hof of die party vir wie hy as getuie dien, aan hom toeken, opeis, en die getuie-gelde wat hy bygevolg ontvang, aan die Raad betaal;

(5) Elke werknemer wat die hof in verband met private of familiesake as getuie of andersins bywoon, moet van sy gewone verlof vir die doel gebruik maak of indien hy geen verlof tot sy krediet het nie, verlof sonder betaling neem.

*Vakatures moet geadverteer word.*

70. Elke vakature in die vaste personeel, insluitende gevalle waar die hoof van 'n departement 'n werknemer van een graad tot 'n ander wil bevorder of 'n tydelike werknemer wil oorplaas na 'n betrekking in die vaste personeel, moet by wyse van 'n omsendbrief onder die Raad se personeel bekend gemaak word, en daarin moet gevra word om aansoeke om sodanige vakature, en bowendien kan die Raad uit eie goeddunke aansoeke om sodanige vakature in die openbare pers aanvra. Buiten waar die Raad uitdruklik anders besluit, word alle vakatures in die vaste personeel in 'n graad met 'n minimum salaris van £800 of meer in die openbare pers geadverteer.

*Indiensneming na Aftree Ouderdom.*

71. Behoudens die Pensioenfondstreëls moet 'n werknemer wat die pensioenouderdom bereik het, uit die Raad se diens aftree, en word daar aan hom alle bedrae uitbetaal wat hom ingevolge die Pensioenfondstreëls en hierdie reëls toekom: Met dien verstande dat die Raad met sy/haar toestemming sy/haar dienste kan behou as 'n tydelike maatreël behoudens die bepaling van reël 6: Met dien verstande voorts dat elke sodanige verlenging van diens teen 'n vaste salaris geskied wat hoogstens gelyk staan met die beginkerf van die skaal wat geld vir die betrekking waarin sy/haar dienste aldus behou word.

*Erkenning van Kwalifikasies.*

72. Waar 'n werknemer in 'n eksamen slaag en aldus 'n kwalifikasie verwerf wat, na die Raad erken die vereistes van sy betrekking oorskryf en van aansienlike voordeel vir sy departement is, ken die Raad aan so 'n werknemer 'n spesiale verhoging toe wat gelykstaan aan een kerf op die skaal wat vir die betrekking geld, en wel met ingang van die datum waarop hy bewys lewer dat hy sodanige kwalifikasie verwerf het: Met dien verstande dat waar so 'n werknemer reeds op die maksimumkerf van sy skaal is, sodanige maksimum in sy besondere geval verhoog word met 'n bedrag wat gelyk is aan een kerf op die skaal.

*Regulasies moet aan Werknemers verskaf word.*

73. By aanstelling in die Raad se diens moet daar aan elke werknemer 'n eksemplaar van hierdie reëls besorg word, sowel as, moontlike opdragte wat die hoof van die departement vir sy leiding nodig ag. Die werknemer moet ontvangs van hierdie reëls en opdragte erken en behoorlik daarmee vertrou raak. By finale beëindiging van diens moet die werknemer sodanige reëls en opdragte aan die hoof van sy departement terugbesorg.

AANHANGSEL I.

Ek sertifiseer hierby dat ..... die vereiste proef tydperk van ..... maande uitgedien het en dat sy/haar gedrag en bekwaamheid in daardie tyd bevredigend was. Hy/sy is allesins geskik vir aanstelling in die vaste personeel.

Datum: .....

Hoof van Departement

No. 46.] [16th March, 1959.

The Administrator has been pleased, in terms of Section 32 of the Townships Ordinance 1928 (Ordinance No. 11 of 1928) to extend the boundaries of the Township of Otavi, in the District of Grootfontein, South West Africa, so as to include Portion 3 of the Farm Swaps No. 755, Registration Division B as represented by Diagram No. A. 529/58, and Portion 4 of the Farm Swaps No. 755 Registration Division B as represented by Diagram No. A. 530/58.

Portion 3 is now known as Erf No. 428 and Portion 4 as Erf No. 429, Township of Otavi.

No. 47.] [16th March, 1959.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (3) of section *one hundred and sixty* read with section *one hundred and ninety nine* of the Municipal Ordinance 1949 (Ordinance No. 3 of 1949) to approve of the undermentioned amendment to the regulations published under Government Notice No. 146 of 1958:—

## MUNICIPALITY OF GOBABIS.

## AERODROME REGULATIONS.

The Aerodrome Regulations of the Municipality of Gobabis are hereby amended by:—

A. Insertion of the following new paragraph immediately after regulation 3, the existing paragraph thus becoming paragraph (a):—

“(b) No animals will at any time be allowed on the aerodrome without the written permission of the Town Clerk of the Municipality of Gobabis and animals found trespassing on the aerodrome will be impounded forthwith. The owner or the person in charge of animals which trespass or have trespassed on the aerodrome shall be guilty of an offence.”

B. Insertion of the following new regulation immediately after regulation 7:—

“(8) Any person contravening or neglecting to adhere to any of these regulations shall be guilty of an offence and be liable upon conviction to a fine not exceeding £20.0.0. (twenty pounds) and in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months.”

C. Insertion of the following new regulation immediately after regulation 8:—

“(9) For the purpose of these regulations the following words shall have the several meanings hereby assigned to them:—

- (a) “Council” shall mean the Council of the Municipality of Gobabis.  
 (b) “Aerodrome” shall mean that portion of the Gobabis Townlands, whether fenced or not, set aside from time to time by the Council for the sole use of aeroplanes.”

No. 48.] [16th March, 1959.

## APPOINTMENT OF FISHERIES OFFICER.

It is hereby notified for general information that the Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *eleven* of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance No. 12 of 1949), as amended, to appoint Mr. F.M.C. Calitz as a Fisheries Officer for the purpose of carrying out the provisions of the said Ordinance and the regulations promulgated thereunder.

No. 49.] [16th March, 1959.

## COMMISSION OF ENQUIRY.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Administrator has been pleased to appoint a Commission consisting of —

No. 46.] [16 Maart 1959.

Dit het die Administrateur behaag om ingevolge Artikel 32 van die Dorpe Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) die grense van die Dorpsgebied Otavi, in die distrik Grootfontein, Suidwes-Afrika, uit te brei ter insluiting van Gedeelte 3 van die plaas Swaps No. 755 Registrasie Afdeling B soos op kaart No. A 529/58 aangedui, en Gedeelte 4 van die plaas Swaps No. 755 Registrasie Afdeling B soos op kaart No. A. 530/58, aangedui.

Gedeelte 3 is nou bekend as Erf No. 428 en Gedeelte 4 as Erf No. 429, Dorp Otavi.

No. 47.] [16 Maart 1959.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel *eenhonderd-en-sestig* gelees met artikel *eenhonderd nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) sy goedkeuring te heg aan die onderstande wysiging van die regulasies afgekondig onder Goewermentskennisgewing 146 van 1958:—

## MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS.

## VLIEGHAWE-REGULASIES.

Die Vliegawe-regulasies van die Munisipaliteit van Gobabis word hierby soos volg gewysig:—

A. Die toevoeging van die volgende nuwe paragraaf onmiddellik na regulasie 3, die bestaande paragraaf word dus paragraaf (a):—

